Hierdie artikel en die nuwe tabel wat in die nabye toekoms in die statistiese deel van die *Kwartaalblad* aangebied sal word, beoog om meer gedetailleerde en omvattende inligting te voorsien as wat voorheen beskikbaar was. Die artikel dien ook as 'n inleiding tot en verduideliking van die gegewens wat voortaan in die nuwe tabel gepubliseer sal word.

Uit die gekonsolideerde bates en laste van die Reserwebank en die NFK kan die poste geïdentifiseer word waarvan die veranderings dien as aanwysers van veranderings in die toestand op die geldmark, asook die oorsake van veranderings in hierdie poste. Soos hieronder getoon sal word, word dit deur middel van 'n eenvoudige rekeningkundige identiteit gedoen.

'n Aanwyser van veranderings in die geldmarktoestand

Die faktore wat as aanwysers van die geldmarktoestand dien, is die mate van akkommodasie wat deur die Reserwebank en die NFK aan die monetêre banke¹ verleen is, en die monetêre banke se oorskot- of „vrye” saldo's by die Reserwebank en die NFK.

*Hierdie ontleding is ontwikkel deur die Ekonomiese Departement van die Reserwebank. Sien in hierdie verband Van Staden, B.: *'n Finansiële Analise vir Suid-Afrika*, ongepubliseerde D.Com.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, Desember 1962, Meijer, J. H. en Van Staden, B.: "Monetêre Groothede en hul Ontleding", in *Essays oor die Ekonomiese Politiek* (Essays opgedra aan prof. Jan Lombard), H.A.U.M., Pretoria, 1975, en Faure, A. P.: *The Liability and Asset Portfolio Management Practices of the South African Money Market Institutions and their Role in the Financial System*, ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, September 1976.

1. Vir doeleindes van die geldmarkontleding, wat van die Reserwebank se monetêre ontleding onderskei moet word, sluit „monetêre banke” in die diskontohuise, handelsbanke, aksepanke en monetêre huurkoop- en algemene banke.

Wanneer belasting- en ander fondse byvoorbeeld van die private sektor na die regeringsektor vloei, wat 'n daling in deposito's by die banke en 'n toename in regeringsdeposito's by die Reserwebank tot gevolg het, sal 'n deel van die banke se daggeldsaldo's by die diskontohuise gewoonlik onttrek word. Die onttrekking van daggeldlenings aan die diskontohuise sal waarskynlik as 'n vernouing van die geldmark ervaar word. Terselfdertyd sal die diskontohuise moontlik die Reserwebank nader vir akkommodasie en die toename in die verleende akkommodasie, soos dit in die geldmarkontleding verskyn, sal die strammer toestand op die geldmark weerspieël. So nie, kan 'n vloei van fondse na die regeringsektor egter 'n daling in die vrywillige oorskotsaldo's, dit wil sê saldo's bo en behalwe die wetlik voorgeskrewe minimum bedrae, wat deur die banke by die Reserwebank en die NFK gehou word, tot gevolg hê. Om hierdie rede kan veranderings in die mate van akkommodasie wat aan die monetêre banke toegestaan is, nie op hul eie as 'n aanwyser van die geldmarktoestand gebruik word nie en moet dit met veranderings in hierdie banke se oorskotsaldo's gekombineer word in 'n begrip wat gerieflik die „aanduiding van vernouing of verruiming van die geldmark” genoem sou kon word. Hierdie „aanduiding van vernouing of verruiming van die geldmark” kan derhalwe omskryf word as veranderings in die totale bedrag van die kontant- en daggeldsaldo's wat, bo en behalwe die wetlik vereiste minima, deur die monetêre banke by die Reserwebank en die NFK gehou word, min veranderings in die bedrag van die akkommodasie wat deur die Reserwebank en die NFK aan hierdie banke verleen is. Dit sal duidelik wees dat die bedrag van die monetêre banke se *netto* oorskotsaldo's by die Reserwebank en die NFK positief kan wees, dit wil sê wanneer die bedrag van die oorskotsaldo's groter is as die bedrag van die verleende akkommodasie, of negatief, dit wil sê wanneer die bedrag van die oorskotsaldo's deur die bedrag van die verleende akkommodasie oorskry word.

Berekening van die „aanduiding van vernouing of verruiming van die geldmark” en sy „oorsake” uit die gekonsolideerde bates en laste van die Reserwebank en die NFK

In tabelle 1 en 2 word die bates van die Reserwebank en die NFK verdeel in eise teen verskillende „sektore”; bates wat nie eise verteenwoordig nie of wat by gebrek aan meer gedetailleerde inligting nie geklassifiseer kan word nie, word in 'n respos genoem „ander bates” ingesluit. Op soortgelyke wyse word die laste van die

Tabel 1
Suid-Afrikaanse Reserwebank: laste en bates

Laste	Bates
A. Kapitaal en reserwefonds	F. Goud en ander buitelandse bates
B. Note in omloop	G. Eise teen die regeringsektor:
C. Deposito's van:	1. Eise wat akkommodasie aan die monetêre banke verteenwoordig
1. Regering	2. Ander
2. Monetêre banke:	H. Eise teen die monetêre banke (akkommodasie)
(a) Vereiste	I. Eise teen die private sektor
(b) Ander	J. Eise teen die Nasionale Finansiële korporasie
3. Nasionale Finansiële korporasie	K. Ander bates
4. Buitelanders	
5. Private sektor	
D. Buitelandse lenings	
E. Ander laste	

Tabel 2
Nasionale Finansiële korporasie: laste en bates

Laste	Bates
A. Kapitaal en reserwefonds	E. Eise teen die regeringsektor
B. Deposito's van:	F. Eise teen die private sektor
1. Regering	G. Eise teen die Reserwebank
2. Monetêre banke:	H. Eise teen die monetêre banke (akkommodasie)
(a) Vereiste	I. Ander bates
(b) Ander	
3. Private sektor	
C. Lenings van die Reserwebank	
D. Ander laste	

Tabel 3
Gekonsolideerde laste en bates van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die Nasionale Finansiële korporasie

Laste	Bates
A. Kapitaal en reserwefonds	F. Goud en ander buitelandse bates
B. Note in omloop	G. Eise teen die regeringsektor:
C. Deposito's van:	1. Eise wat akkommodasie aan die monetêre banke verteenwoordig
1. Regering	2. Ander
2. Monetêre banke:	H. Eise teen die monetêre banke (akkommodasie)
(a) Vereiste	I. Eise teen die private sektor
(b) Ander	J. Ander bates
3. Buitelanders	
4. Private sektor	
D. Buitelandse lenings	
E. Ander laste	

Reserwebank en die NFK in verskillende kategorieë gerangskik.

By konsolidering van die bates en laste van die Reserwebank en die NFK (sien tabel 3), is die poste op die Reserwebank se balansstaat wat eise teen die NFK verteenwoordig (sien tabel 1, pos J), en eise wat verpligtings teenoor die NFK verteenwoordig (sien tabel 1, pos C₃), gelyk aan die NFK se verpligtings teenoor die Reserwebank (sien tabel 2, pos C) en die NFK se eise teen die Reserwebank (sien tabel 2, pos G), onderskeidelik, en sal derhalwe teen mekaar wegval.

Uit die opsommingstaat van die gekonsolideerde bates en laste van die Reserwebank en die NFK soos in tabel 3 kan die poste gekies word waarvan die veranderinge as aanwysers van 'n verandering in die geldmarktoestand dien. Terselfdertyd kan die poste geïdentifiseer word waarvan die veranderinge as die oorsake van die veranderinge in die geldmarktoestand beskou kan word en op sinvolle wyse gerangskik word. Die verband tussen hierdie twee stelsel balansstaatposte kan deur middel van 'n eenvoudige rekeningkundige identiteit duidelik gemaak word.

Omdat die totale gekonsolideerde bates van die Reserwebank en die NFK gelyk is aan hul totale gekonsolideerde laste, moet enige besondere pos op die gekonsolideerde balansstaat, soos „kapitaal en reserwes”, noodwendig gelyk wees aan die totaal van alle bates min die totaal van alle laste behalwe „kapitaal en reserwes.” Kragtens tabel 3 is 'n toename in „kapitaal en reserwes”, ΔA , derhalwe gelyk aan $\Delta(F+G+H+I+J) - \Delta(B+C+D+E)$.

In die meeste gevalle (soos bogenoemde) is hierdie werkwyse, alhoewel dit rekenkundig juis is, egter ekonomies gesproke nie sinvol nie. Hierteenoor sal byvoorbeeld die verkoop van buitelandse valuta deur 'n handelsbank aan die Reserwebank (wat 'n toename in die Bank se bates beteken) 'n toename in die handelsbanke se besit aan kontantreserwes by die Reserwebank of daggelddeposito's by die NFK en/of 'n afname in verleende akkommodasie as teenhanger hê. Op soortgelyke wyse sal die terugsending van note deur 'n handelsbank na die Reserwebank (afname in laste van die Reserwebank) die handelsbanke se kontantsaldo's vergroot en/of akkommodasie verminder. Daar is geen sodanige eenvoudige en outomatiese skakel tussen byvoorbeeld „kapitaal en reserwes” en die Reserwebank se verkryging van, byvoorbeeld, buitelandse valuta nie.

Kragtens tabel 3 is die „aanduiding van vernouing of verruiming van die geldmark”, of $\Delta [C_{2b} - (G_1 + H)]$ derhalwe gelyk aan

$$\Delta(F+G_2+I+J) - \Delta(A+B+C_1+C_{2a}+C_3+C_4+D+E)$$

Ná herrangskikking van hierdie poste om die ooreenstemmende bate- en lasteposte saam te groepeer, is

$$\Delta[C_{2b} - (G_1 + H)]$$

gelyk aan

$$\Delta[F - (C_3 + D)] + \Delta(G_2 - C_1) + \Delta(I - C_4) - \Delta B - \Delta C_{2a} +$$

$$\Delta[J - (E + A)].$$

In woorde gestel, sal 'n verandering in die „aanduiding van vernouing of verruiming van die geldmark“ dus gelyk wees aan, en „verklaar“ word deur, verandering in:

- die netto goud- en ander buitelandse reserwes
- die netto eise teen die regeringsektor
- die netto eise teen die private sektor
- note in omloop (met 'n omgekeerde teken)
- die vereiste reserwesaldo's (met 'n omgekeerde teken)
- ander bates min ander laste.

Omdat 'n meer gedetailleerde uiteensetting van die poste waarvan die verandering gesamentlik die „aanduiding van vernouing of verruiming van die geldmark“ vorm, en van die individuele oorsake van verandering, tot 'n beter begrip van die geldmarkontleding kan lei, word hulle in die volgende paragrawe bespreek.

Die oorskot-kontantsaldo's van die monetêre banke

Die oorskot-kontantsaldo's van die monetêre banke, dit wil sê die bedrae wat bo en behalwe die vereiste bedrag by die Reserwebank en die NFK gehou word, word in die geval van die Reserwebank verteenwoordig deur die kreditsaldo's op die lopende rekening van die verrekeningsbanke en, in die geval van die NFK, deur die bedrae wat op gewone daggelddepositerekening gehou word.² Terwyl die kreditsaldo's op die lopende rekening van die verrekeningsbanke gewoonlik onbeduidend is omdat hulle hoofsaaklik slegs vir verrekeningstransaksies in stand gehou word, kan die bedrae wat deur die monetêre banke op gewone daggelddepositerekening by die NFK gehou word, by tye aansienlik wees. Dit is opmerkenswaardig dat die diskontohuise se daggeldkoers te alle tye hoër is as dié van die NFK. Daggeld by die NFK, bo en behalwe die vereiste bedrag, sal gevolglik normaalweg slegs deur die monetêre banke gehou word wanneer die diskontohuise deur die kapitaalvereistes van die Bankwet verhinder word om bykomende daggeldlenings te aanvaar. Onder hierdie omstandighede, en wanneer die banke en die diskontohuise geen rede het om 'n beroep op die Reserwebank te doen nie, word verandering in die banke se oorskotsaldo's by die NFK 'n aanwyser van verandering in die geldmarktoestand.

Akkommodasie

Die banke en diskontohuise ontvang op verskeie maniere akkommodasie van die sentrale bank. Uit hoofde van die feit dat hulle die mees likwiede van die banke se likwiede bates ná laasgenoemde se kontantbesit as hul verpligtings aanvaar, is die diskontohuise gewoonlik die eerstes wat gedurende stram toestande op die geldmark die Reserwebank om bystand nader.

Hulle kan deur die herdiskontering van skatkiswissels en/of bankaksepte,³ of deur regstreekse aankope van korttermynstaatseffekte deur die Reserwebank, bygestaan word. Onder sekere omstandighede word daar ook oornaglenings teen die verpanding van geskikte effekte aan die diskontohuise toegestaan.

Die verrekeningsbanke, wat gewoonlik slegs die sentrale bank nader wanneer hulle hul daggelddepositerekening by die NFK en die diskontohuise uitgeput het, het tradisioneel deur middel van oortrekkingsfasiliteite akkommodasie ontvang. Die nie-verrekeningsbanke word via sogenaamde leningsrekening bygestaan. Hoewel die NFK nie 'n bron van akkommodasie vir die banke is nie, kan die Korporasie onder besondere omstandighede as 'n medium vir die verlening van bystand aan die banke gebruik word en is dit in die verlede wel daarvoor gebruik.

Die oorsake van verandering in die geldmarktoestand

Soos voorheen opgemerk, is daar 'n aantal faktore wat verandering in die monetêre banke se oorskotsaldo's by, en/of in die akkommodasie verleen deur, die Reserwebank en die NFK teweegbring. Die oorsaaklike betekenis van hierdie faktore berus nie slegs op die balansstaat-identiteit nie maar ook op die feit dat, byvoorbeeld, toenames in die bedrag van die buitelandse reserwes of afnames in die regeringsdeposito's wel neig om 'n onmiddellike teenhanger te hê in 'n vermeerderde besit aan kontantsaldo's van die monetêre banke en op daardie wyse 'n toename in die oorskot-kontantsaldo's van hierdie banke en/of 'n afname in die akkommodasie wat aan hulle verleen is, teweegbring. Dit sal egter nie noodwendig die geval wees nie. Ander ontwikkelings, soos 'n toename in die bedrag van die note in omloop of regeringsdeposito's, kan die uitwerking van enige besondere faktor neutraliseer. Om hierdie rede moet al die oorsaaklike faktore gesamentlik ontleed word.

Netto goud- en ander buitelandse reserwes

Kragtens die balansstaat-identiteit word die netto goud- en ander buitelandse reserwes bereken as die Reserwebank se besit aan goud en ander buitelandse bates min die buitelandse laste van die Reserwebank en die NFK, met insluiting in hierdie laste van die bedrae van die krediettranchetrekings en trekings van kompenenserende finansiering op die Internasionale Monetêre Fonds. Voortspruitende uit die Reserwebank se funksie as die hoofbewaarder van die land se goud en ander buitelandse betaalmiddele, word feitlik alle bewegings van fondse, hetsy op lopende rekening of op kapitaal-

2. Vereiste saldo's by die Reserwebank word op die sogenaamde reserwerekeninge en by die NFK op die sogenaamde spesiale depositerekening gehou.

3. Bankaksepte is nou reeds vir 'n aantal jare nie deur die Reserwebank herdiskonteer nie. Wanneer bankaksepte herdiskonteer word, sal 'n deel van die eise teen die private sektor in die gekonsoleerde balansstaat uiteraard as akkommodasie beskou word.

rekening, in die Bank se balansstaat weerspieël. Wanneer 'n handelsbank byvoorbeeld valuta (sê die opbrengs van uitvoere) aan die Reserwebank verkoop, sal laasgenoemde die lopende rekening van die handelsbank met die betrokke bedrag krediteer en so doende die oorskot-kontantreserwes van die handelsbank verhoog en/of sy oortrokke rekening verminder. Die teenhanger van hierdie „aanduiding van verruiming“, dit wil sê sy „oorsaak van verandering“, sal 'n toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes wees.

In die Suid-Afrikaanse ekonomie, wat 'n voorbeeld is van 'n ekonomie wat in groot mate van buitelandse handel en kapitaal afhanklik is, is daar geen twyfel aan nie dat veranderings in die vlak van die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank en die NFK selde in gebreke bly om 'n duidelik waarneembare uitwerking op die banke se kontantposisies en die finansiële markte in die algemeen te hê.

Netto eise teen die regeringsektor

Netto eise teen die regeringsektor verteenwoordig die verskil tussen die Reserwebank en die NFK se besit aan staatskuldbeuise (skatkiswissels en staatseffekte) en ander eise wat hulle teen die regering mag hê (byvoorbeeld lenings) aan die een kant (bruto eise), en regeringseposito's aan die ander kant. Veranderings in bruto eise weerspieël hoofsaaklik die transaksies van die Reserwebank en die NFK in staatseffekte en skatkiswissels (dit wil sê met uitsondering van staatseffekte wat by wyse van akkommodasie opgeneem is). Daar dien op gelet te word dat daar 'n baie klein verskil is tussen die Reserwebank se aankope van staatseffekte by wyse van akkommodasie en by wyse van opemarktransaksies. Die kriterium wat hierdie twee klasse van transaksies skei is op wie se inisiatief die transaksie aangegaan is. Indien die transaksie op, sê, die inisiatief van 'n diskontohuis aangegaan word, word dit beskou as akkommodasie vir doeleindes van die geldmarkontleding. As die inisiatief, aan die ander kant, deur die Reserwebank geneem word, word die transaksie beskou as 'n opemarktransaksie en is dit derhalwe 'n „oorsaak van verandering“ in die „aanduiding van vernouing of verruiming van die geldmark“. Van al die „oorsake van veranderings“ kan slegs opemarktransaksies en veranderings in die kontantreserwevereistes as „beheerde faktore“ beskou word in die sin dat hulle afhang van die beleidsoorwegings en beleidsopptrede van die monetêre owerhede; hulle is die instrumente waarmee die Reserwebank daadwerklik die banke se kontantreserwes en/of akkommodasie aan hulle verleen kan beïnvloed.

Die mees wisselvallige komponent van die netto eise teen die regeringsektor, en derhalwe die „faktor“ wat die beste in staat is om skielike veranderings in die geldmarktoestand te weeg te bring, is regeringseposito's by die Reserwebank, dit wil sê die rekeninge wat die Reserwebank hou ingevolge sy funksie as die

Regeringsbankier, vir die sentrale regering, die provinsiale administrasies en ander openbare liggame. Veranderings in regeringseposito's by die Bank, wat verskuiwings van fondse tussen die private sektor en die regeringsektor weerspieël, het 'n regstreekse uitwerking op bankreserwes en/of akkommodasie. Wanneer die Tesourie byvoorbeeld 'n deel van sy effekte wat vervaldatum bereik, terugbetaal of in die algemeen fondse uitbetaal, word die fondse betaal deur middel van tjeks wat op die Reserwebank getrek word. Wanneer hierdie tjeks deur die banke vir uitbetaling aangebied word, word die banke se lopende rekeninge by die Reserwebank met die betrokke bedrae gekrediteer. Hierteenoor bring belastingbetalings, byvoorbeeld deur goudmyne, 'n oordrag van fondse op die banke se rekeninge by die Reserwebank of die NFK na die regeringsekeninge by die Reserwebank en derhalwe 'n afloop van die banke se kontantreserwes mee.

Netto eise teen die private sektor

Netto eise teen die private sektor verteenwoordig die verskil tussen die Reserwebank en die NFK se besit aan effekte van die private sektor, dit wil sê Landbankwissels en -obligasies, munisipale effekte, effekte van openbare korporasies, ens. (bruto eise), en deposito's van die private sektor by die Bank en die NFK.

Van belang in die bruto eise is Landbankwissels, waarvan die bedrag uitstaande 'n belangrike rol speel in die finansiering van die landbousektor en derhalwe by die finansiële markte in die algemeen. Dit is duidelik dat daar 'n sterk seisoenale faktor in die bedrag aan Landbankwissels uitstaande is. Deposito's van die private sektor by die Reserwebank en die NFK sluit in die deposito's van die nie-monetêre banke, plaaslike owerhede, landboubeheerrade, nywerheids- en ander maatskappye, die Kamer van Mynwese en verskeie ander private liggame.

Note in omloop

Note in omloop in die gekonsolideerde bates en laste verteenwoordig alle uitstaande Reserwebanknote en 'n klein bedrag aan note van ander banke waarvoor die Reserwebank die verpligting oorgeneem het (wat onder „ander laste“ in die Maandstaat van die Reserwebank ingesluit word). Veranderings in die bedrag aan note in omloop verteenwoordig een van die belangriker faktore wat korttermynskommelings in kontantreserwes beïnvloed. Groot periodieke bewegings van note wat in omloop kom of uit omloop gaan word meegebring deur vakansiedae, maandeindes en die spitsseisoene van verbruikersaankope, in die besonder Desember, wanneer die vraag na betaalmiddele binne 'n kort tydskem bestek skerp skommel.

'n Bankinstelling wat bykomende note verlang om aan die benodigdhede van sy kliënte te voldoen, verkry die note van een van die takke van die Reserwebank, as die alleen-uitgewer van note. Die Reserwebank debiteer

die bank se lopende rekening (in die geval van 'n verrekeningsbank) vir die bedrag van note aangevra en verlaag sodoende die bank se reserwes of verhoog sy akkommodasie, of albei. Wanneer 'n bank surplus banknote hou, word hulle na die Reserwebank teruggestuur en die bank se lopende rekening word met die bedrag gekrediteer.

Vereiste reserwesaldo's

Veranderings in die kontantreserwevereistes skep of vernietig nie reserwes nie, maar verskuif die skeidslyn tussen wat vereis word en wat oorskot is, wat daartoe aanleiding gee dat die bedrag aan reserwes minder voldoende of meer voldoende as voorheen is om aan die reserwevereistes te voldoen. Afgesien van veranderings in die aanvullende kontantreserwevereistes wat van tyd tot tyd deur die Reserwebank neergelê word, kan die vereiste bedrag aan reserwes ook skommel as gevolg van veranderings in die bedrag en termynstruktuur van die banke se verpligtings.

Ander bates min ander laste

Ander bates min ander laste verteenwoordig die somtotaal van die oorblywende bateposte min die oorblywende lasteposte van die Reserwebank en die NFK, en bestaan grotendeels uit balansstaatposte van 'n interne aard. Aangesien die meeste van hierdie poste nie as „markfaktore” beskou kan word nie, is hulle van beperkte belang vir die ontleding en sal hulle nie hier bespreek word nie.

Die geldmark- en monetêre ontledings: verskille en ooreenkomste

Die *geldmarkontleding* verklaar veranderings in die oorskotkontantsaldo's van die monetêre banke by die Reserwebank en die NFK en in die akkommodasie wat deur hierdie instellings aan die monetêre banke verleen word. Derhalwe bepaal dit in sekere mate die likwiditeitsposisies van die private monetêre banke. Die *monetêre ontleding*, daarenteen, verklaar veranderings in die geld- en kwasi-gelddeposito's gehou deur die private sektor by die instellings wat die sogenaamde monetêre banksektor uitmaak. Dit verklaar derhalwe veranderings in die likwiditeit van die private sektor. Alhoewel hierdie twee ontledings vir verskillende doeleindes aangewend word, het hulle veel gemeen.

'n Toename in die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank sal byvoorbeeld gewoonlik 'n oorsaak van verandering in sowel die geldvoorraad as die kontantreserwes van die banke verteenwoordig. Insgelyks sal die uitbetaling van fondse deur die regering of die aankope van staatseffekte deur die Reserwebank van die nie-bank private sektor (wat albei 'n toename in netto eise teen die regering beteken) 'n vermeerdering van die kontantreserwes van die banke sowel as van die geldvoorraad meebring. Die verdiskontering van Landbankwissels vir die Landbank, wat in groot mate die teenhanger van kaskredietvoorskotte

van die Landbank verteenwoordig, sal 'n soortgelyke uitwerking hê.

Aan die ander kant bestaan daar belangrike verskille. Aankope van staatseffekte deur die Reserwebank van die private banksektor sal die banke se kontantreserwes verhoog maar geen uitwerking op die geldvoorraad hê nie. In hierdie besondere geval sal die „oorsaak van verandering” wat gemeenskaplik tot albei ontledings is (naamlik netto eise teen die regeringsektor), terwyl dit in die monetêre ontleding geen verandering toon nie, in die geval van die geldmarkontleding wel 'n toename toon. Insgelyks sal veranderings in die goud- en ander buitelandse reserwes van die handelsbanke die teenhanger van 'n toename in die geldvoorraad wees maar geen uitwerking op die geldmarktoestand hê nie. So ook sal veranderings in note in omloop en die kontantreserwevereistes, terwyl dit veranderings in die geldmarktoestand meebring, geen regstreekse uitwerking op die likwiditeit van die private sektor hê nie.


Gebruik en beperkings van die geldmarkontleding

Die geldmarkontleding is om verskeie redes 'n besonder nuttige ontleding. Dit bring in geredelik oorsigtelike vorm die vernaamste faktore byeen wat die kontantposisies van die banke en die algemene beskikbaarheid van fondse in die geldmark beïnvloed, en help in sekere mate om veranderings in geldmarkrentekoerse te verklaar. As sodanig is die ontleding nuttig by die verklaring van vergange en heersende geldmarktoestande en die gevolglike beroepe wat moontlik op die Reserwebank as uitlener in laaste instansie gedoen sal word. Dit kan soms ook van hulp wees by die voorspelling van bewegings in die korttermynrentekoerse in die weke wat voorlê. Die ontleding kan egter nie alleen staan as 'n enkele allesverklarende aanwyser van geldmarktoestande nie. Die inligting wat dit verskaf, moet derhalwe aangevul word en vertolk word in die lig van inligting uit ander bronne.

Die basiese tekortkoming van die geldmarkontleding as 'n presiese aanwyser van die geldmarktoestand lê in die betreklik swak ooreenstemming tussen veranderings in die „aanduiding van vernouing of verruiming van die geldmark” en veranderings in die oorskotlikwiede bates van die monetêre banke. Anders as in die Verenigde State, waar die begrip „vrye reserwes” 'n noukeurige maatstaf van die lidbanke se besit aan oorskot- nie-geleende reserwes is, meet die begrip „aanduiding van vernouing of verruiming van die geldmark” in Suid-Afrika, waar die kontantreserwevereiste maar net 'n klein deel van die totale likwiede batevereiste uitmaak, slegs veranderings in die monetêre banke se *netto* oorskotkontantreserwes by die Reserwebank en die NFK en nie die veranderings in hul oorskot- likwiede bates nie.

Soos vroeër aangedui, hou die banke, vanweë die hoër daggeldkoers wat deur die diskontohuise aangebied word, slegs oorskotsaldo's by die NFK wanneer die diskontohuise deur die kapitaalvereiste van die

Aanduiding van vernouing of verruiming van die geldmark en oorskot- likwiede bates van monetêre banke




Bankwet verhinder word om bykomende daggeldlenings te aanvaar. Om hierdie rede sal tydperke wanneer die kontantreserwes van die banke toeneem, nie altyd deur die geldmarkontleding geïdentifiseer word nie (sien die bygaande grafiek), en 'n langdurige verruiming van die geldmarktoestand, soos dit uit 'n volgehoue afwaartse neiging in geldmarkrentekoerse blyk, sal derhalwe nie altyd in 'n volgehoue opwaartse beweging van die monetêre banke se *netto* oorskotkontantsaldo's waarneembaar wees nie. Dit is slegs sedert die laaste deel van 1974, toe die diskontohuise by die aanvaarding van bykomende daggeldlenings bykans aanhoudend deur hul kapitaalvereiste beperk is, dat die banke aansienlike oorskotsaldo's by die NFK gehou het. Alhoewel tydperke van verruiming onder sulke omstandighede deur die geldmarkontleding geïdentifiseer word, moet die toestand versigtig vertolk word. Nie alleen is veranderinge in die *netto* oorskotkontantsaldo's van die monetêre banke nooit heeltemal gelyk aan veranderinge in hul oorskot- likwiede bates nie, maar daar kan ook tydperke geïdentifiseer word waarin 'n skerp afname in die monetêre banke se *netto* oorskotkontantsaldo's nie met 'n afname in die oorskotlikwiede bates van hierdie banke gepaard gegaan het nie, soos ná die middel van 1976. Hierdie verskynsel sal byvoorbeeld voorkom wanneer die banke nuut-uitgereikte korttermynstaatsseffekte bekom deur hul oorskotdaggelddeposito's by die NFK te verminder en op daardie wyse 'n afname in die oorskotkontantsaldo's van die monetêre banke maar nie in hul oorskot- likwiede bates nie, teweegbring. Indien slegs volgens die skerp afname in die monetêre banke se oorskotkontantsaldo's gedurende hierdie tydperk geoordeel sou word, sou 'n mens 'n toename in korttermynrentekoerse verwag het; die teenoorgestelde het in werklikheid gebeur.

Die onvermoë van die geldmarkontleding om te alle tye tydperke van ruimer geldmarktoestande te identifiseer en te verklaar, geld nie in gelyke mate vir tydperke van stram geldmarktoestande nie. Aannemende dat die banke geen oorskotsaldo's by die NFK het nie, sal 'n verskuiwing van fondse van die private sektor na die regeringsektor die banke noop om hul daggeldsaldo's by die diskontohuise te verminder. Onder so 'n algemene toestand van stramheid sal die diskontohuise die Reserwebank om akkommodasie nader, wat tot 'n daling in die aanwyser sal lei. Aangesien daggeld by die diskontohuise as 'n likwiede bate geld, sal die afname in die „aanduiding van vernouing of verruiming van die geldmark“ met 'n afname in die banke se oorskot- likwiede bates gepaard gaan. So 'n toestand sal, veral indien dit lank voortduur, gewoonlik deur 'n styging in korttermynrentekoerse vergesel word. Insgelyks sal, wanneer die monetêre banke oorskotsaldo's by die NFK hou, 'n stram geldmarktoestand tot 'n daling in hierdie saldo's lei, wat 'n ooreenstemmende afname in die aanwyser tot gevolg sal hê.

Die geldmarkontleding kan geïllustreer word deur te verwys na die bygaande grafiek en die tabel op bladsy 40. Gedurende die verruiming van die geldmarktoestand vanaf einde-Februarie tot einde-September 1975, byvoorbeeld, soos dit deur die „aanduiding van vernouing of verruiming van die geldmark“ geïdentifiseer word, het die toename in die monetêre banke se *netto* oorskotsaldo's by die Reserwebank en die NFK R388 miljoen bedra. Die hoofkategorie wat gedurende hierdie tydperk vir die verruiming van die geldmarktoestand verantwoordelik was, was die toename in die netto eise teen die regeringsektor en netto eise teen die private sektor van onderskeidelik R654 miljoen en R136 miljoen, 'n toename in ander bates min ander

Geldmarkontleding



buitelandse reserwes van R314 miljoen en die afnames in sowel die netto eise teen die regeringsektor as die netto eise teen die private sektor wat onderskeidelik R104 miljoen en R162 miljoen bedra het. Dit is opmerkenswaardig dat geldmarkrentekoerse gedurende die tydperk van die einde van Februarie tot die einde van September 1975 ietwat gedaal het. Gedurende die tweede tydperk, dit wil sê van die einde van September 1975 tot die einde van Februarie 1976, het geldmarkrentekoerse skerp gestyg.

Slotopmerkings

Ondanks sy beperkings, bly die geldmarkontleding 'n nuttige hulpmiddel by die ontleding van die geldmarktoestand. Die monetêre banke se oorskotkontantreserwes min akkommodasie, aan die een kant van die Reserwebank-NFK se balansstaat-identiteit, is klaarblyklik meer betekenisvol as of oorskotkontantsaldo's of akkommodasie op sy eie, en veranderinge daarin verklaar wel in sekere mate veranderinge in die banke se likwiditeitsstoestand. As sodanig verklaar die geldmarkontleding gedeeltelik rentekoersbewegings in die mate waarin hulle ontstaan uit veranderinge in die totale vraag na rentedraende bates. Dit is so omdat kontanttoestromings na die banke, soos dit deur die geldmarkontleding geïdentifiseer word, normaalweg 'n groter vraag van die banke na sowel nie-kontantlikwiede bates as na nie-likwiede bates sal meebring, wat 'n toename in die beskikbaarheid van bankkrediet beteken. Ander faktore, soos die aanbod van bates (dit wil sê die vraag na bankkrediet), die monetêre banke se voorkeure vir bates en laste en hul portefeuljebeheerpraktieke, en die Reserwebank se beleid, is egter ook belangrik by die verklarings van die bewegings in rentekoerse. Aan die ander kant van die balansstaat-identiteit word die hoofte faktore wat die monetêre banke se kontantposisies en die algemene beskikbaarheid van fondse in die geldmark beïnvloed, byeengebring in 'n gerieflik gerangskikte vorm, wat onder andere vir die monetêre owerhede kan aandui in watter mate hul maatreëls om kontantreserwes en/of likwiditeit aan die bankstelsel te voorsien of daaraan te onttrek, deur ander ontwikkelings versterk of geneutraliseer word. Op hierdie wyse kan dit leidrade vir toekomstige beleidsmaatreëls verskaf.

laste, en 'n daling in die vereiste reserwesaldo's. Die uitwerking van hierdie faktore het die vernouende invloed van die skerp afname in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van R379 miljoen en die toename in die bedrag aan note in omloop ver oorskry. Die hoofte faktore wat verantwoordelik was vir die vernouing van die geldmarktoestand ná die einde van September 1975 tot die einde van Februarie 1976 was die verdere afname in die netto goud- en ander